# VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

## DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, op die lopendesaak-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun.

Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die groep se resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute versekering nie, te verskaf rakende die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates, en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing. geouditeer, aan wie onbeperkte toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die ouditeur se verslag word op bladsy 84 aangebied.

Geteken namens die raad van direkteure.

**Johann Rupert**
*Voorsitter*

**Thys Visser**
*Hoofuitvoerende beampte*

Stellenbosch
21 Junie 2010

# VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee, dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy verlang word, ingelewer is by die Registrateur van Maatskappye en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.

**Mariza Lubbe**
*Sekretaris*

Stellenbosch
21 Junie 2010